

## **DAAR'S 'N LIKKEWAAN WAT DIE KOEIE UITSUIP!**

### **DEUR**

#### **DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO**

---

Die R62 miljoen wat ten opsigte van 2004 volgens mediaberigte as bonus aan die melkverwerker en –verspreider, Clover, se topbestuur uitbetaal is, skep aansienlike welvaart in die ontvangers daarvan se hande. Hierdie bedrag sluit nie die vergoeding van die topbestuur se normale salarisse, bonusse en byvoordele in nie. Hoewel dit nie bevestig kon word nie, is die afleiding wat volgens die vakbond, Solidariteit, gemaak kan word dat slegs elf persone daarby baat gevind het. Hierdie handjievul mense, ongeag hoeveel daar nou werklik was, se aansporingsbonusse is in boerderyterme gelykstaande aan:

- 227 melkboere in die Oos-Vrystaat se gemiddelde jaarlikse wins van R272,553 oor die afgelope sewe jaar;
- 33,7 miljoen liters melk teen die gemiddelde prys van R1.84 wat melkboere in die Oos-Vrystaat die afgelope sewe jaar vir hulle melk ontvang het;
- die jaarlikse loon van 6,582 plaaswerkers teen die minimum loon van R785 per maand;
- die aankoopwaarde van 340 rondebalers (1.2 meter) teen R182,500 elk;
- die aankoopwaarde van 12,400 dragtige verse teen R5,000 stuk.

So 'n bonusverklaring moet vir enige oningeligte buitestaander die idee gee dat die suiwelbedryf tans een van die florerendste landbouvertakkings in Suid-Afrika is. Die syfers van melkboere op plaasvlak strook egter nie met sulke ruim bonusse nie. Iewers is daar dus, soos die ouers mense altyd gesê het as die melk skielik begin minder raak, 'n likkewaan wat die koeie in die nag uitsuip.

#### **Die boer se syfers**

Tabel 1 bevat die produksieresultate van 'n groep melkboere wat by COMPUTUS ingeskakel is waarvan die produksiesyfers maandeliks opgeteken en verwerk word. Volgens hierdie tabel was die vertakkingsmarge van melkbeeste in 1998 R2,014 per grootvee-eenheid (GVE). Dit sluit veeverkope ook in. Die vertakkingsmarge het daarna eers afgeneem maar 'n hoogtepunt in 2001 bereik waarna dit toe weer oor die afgelope drie jaar geleidelik afgeneem het. Totale uitgawes het vir die ooreenstemmende tydperk aanhoudend gestyg maar tog in 2004 'n afname getoon as gevolg van laer voerkoste. Die gemiddelde wins vir die afgelope sewe jaar was R1,772 per GVE terwyl hierdie boere gemiddeld 154 reprodukerende diere (koeie en dragtige verse) vir die tydperk in hulle kuddes gehad het.

Die gemiddelde kapitale belegging wat melkboere in hierdie groep volgens tabel 2 oor die afgelope sewe jaar in hulle melkerye belê het was R1,93 miljoen waarvan R1,24 in masjienerie en R690,153 in vee was. Hierdie kapitaal moet nog uit die R1,772 per GVE van tabel 1 gediens word en dit sluit dus nie die rente en kapitale delgings op kapitaal in nie.

### **Winsgewendheid**

Die wins van hierdie groep boere se melkvertakkings het volgens Figuur 1 in 1998 42 sent per liter beloop. Dit het toegeneem tot 51 sent per liter in 2001 maar toe weer begin afneem totdat dit in 2004 net 32 sent per liter beloop het.

Die uitgawes het vanaf 91 sent per liter in 1998 geleidelik gestyg tot R1.60 per liter in 2004 wat 'n styging van 36% is. Die gemiddelde melkprys het vanaf R1.33 per liter in 1998 tot R2.07 in 2003 gestyg maar toe weer tot R1.92 per liter in 2004 gedaal, dus 'n styging van slegs 28% teenoor 1998. Die vernouing van die gaping tussen inkomste en uitgawes het uiteindelik daartoe gelei dat die melkvertakking se wins in 2004 dus 10 sent per liter laer was as wat dit sewe jaar vantevore in 1998 was. In nominale en in reële terme (inflasie uitgehaal) het die melkboer se winsgewendheid oor die afgelope sewe jaar dus geleidelik verswak.

### **Rentabiliteit**

Maatskappyresultate word gewoonlik gemeet aan die rentabiliteit wat op die geïnvesteerde kapitaal gemaak word. 'n Verdere maatstaf is om te bereken hoe effektief die omset was om 'n wins vir die eienaars te kon realiseer. Figuur 2 dui aan dat die groep melkboere in die Oos-Vrystaat se rentabiliteit op kapitaal skerp afgeneem het vanaf 29% in 1998 tot 10% in 2004. Die effektiwiteit het vir dieselfde periode vanaf 32% tot 16% gedaal. Die gevolgtrekking is dus dat melkboere se finansiële mededingendheid stelselmatig oor die afgelope sewe jaar verswak het en dat hulle nie in 'n posisie is om verdere verlagings van hulle produkprys of stygings in hulle uitgawes te kan absorbeer nie. Die realiteit is eerder dat 'n melkprys van R2.02 teen die kostestruktuur van 2004 die melkboer in nominale terme gelyk aan sy winsgewendheid van 1998 sou geplaas het maar dat hy in reële terme dan steeds 'n agterstand sal hê.

### **Prysvasstelling**

Soos meeste ander vertakkings, word die suiwelbedryf ook gekenmerk deur enkele groot kopers wat melk by 'n groot aantal boere koop. Verder dra die lang siklus van landbouproduksie ook daartoe by dat boere gewoonlik prysnemers en nie prysmakers van hulle produk is nie. Daarom is dit vir 'n melkaankoper moontlik om eensydig 'n prysverlaging van 17 sent per liter aan te kondig sonder dat die boer daarop inspraak het of vinnig genoeg daarop kan reageer. Dit is ongelukkig 'n verskynsel van die vrye mark maar die vrye mark word ook

gekenmerk deur langtermyn vennootskappe waarin die vennote vir mekaar 'n volhoubare toekoms moet help vind. Dit geld soveel te meer nog vir 'n melkverspreider wat aanvanklik as 'n koöperasie deur sy boere self opgerig was.

Die syfers wat in die tabelle en grafieke gebruik is, sluit nie die vooruitsigte vir 2005 in nie. 'n Bedrag van R62 miljoen wat deur enige landbou-instansie in kontant aan sy topbestuur uitgekeer word dreineer die landbou van noodsaaklike bedryfskapitaal. In die geval van die suiwelbedryf word die melkboer se prys met 17 sent per liter verlaag, die verbuikersprys met tot 45 sent per liter verhoog en gaan tussen 400 en 1000 werknemers waarskynlik hulle werk verloor om die tekort aan bedryfskapitaal aan te vul. Die gevolg is dat ander melkverwerkers en –verspreiders onder druk is om ook hulle produsentepryse te verlaag. Hulle volg bloot net die mark ten einde kompetend te bly. Die uiteinde is dat die melkboere se wins, wat reeds so laag is, gehalveer gaan word en dat hulle nie naastenby die opbrengs op kapitaal gaan behaal wat hulle op die lang termyn op hul plase kan hou nie.

---

**Bethlehem**  
**Mei 2005**

**TABEL 1: VERTAKKINGSONTLEDING VAN MELKBEESTE IN DIE OOS-VRYSTAAT**

	1998	1999	2000	2001	2002	2003	2004	Gemiddeld
Totale Reproduserende GVE	186	151	132	156	136	160	155	154
	<b>R/GVE</b>	<b>R/GVE</b>	<b>R/GVE</b>	<b>R/GVE</b>	<b>R/GVE</b>	<b>R/GVE</b>	<b>R/GVE</b>	<b>R/GVE</b>
Produkverkope	4203	3991	4336	6029	5039	5999	4835	4919
Veeverkope	535	405	278	963	636	1313	845	711
Vee-aankope	-74	-55	-97	-130	-43	-286	-84	-110
Eindvoorraad	2333	2424	3052	3753	5286	5043	5298	3884
Beginvoorraad	-2119	-2441	-2874	-3858	-4876	-5651	-5398	-3888
<b>BRUTO PRODUKSIEWAARDE</b>	<b>4878</b>	<b>4325</b>	<b>4695</b>	<b>6757</b>	<b>6042</b>	<b>6418</b>	<b>5496</b>	<b>5516</b>
Voer aangekoop & geproduseer	158	308	167	358	468	1203	736	486
Lekke & Kragvoer	1789	1628	1895	2414	1707	2223	1823	1926
Veeartseny	135	102	129	141	119	153	142	132
KI-koste	92	69	49	70	51	46	12	56
Reinigingsmiddels	37	50	50	54	73	71	63	57
Produkversekering	0	0	0	0	0	0	0	0
Bemarkingskoste	47	42	23	450	76	93	56	112
Vervoerkoste	63	86	90	94	21	31	76	66
Arbeid	7	29	38	33	61	32	26	32
Brandstof	24	0	2	6	0	0	0	4
Reparasies	85	117	93	90	64	61	57	81
Konsultasies	85	188	168	69	118	80	65	110
Ander uitgawes	76	132	166	231	174	19	22	117
<b>DIREKTE UITGAWES</b>	<b>2599</b>	<b>2752</b>	<b>2870</b>	<b>4011</b>	<b>2932</b>	<b>4015</b>	<b>3076</b>	<b>3179</b>
Koste van aangeplante weiding	160	164	211	260	757	392	586	362
Administratiewe koste toegedeel	17	9	18	21	20	48	53	27
Permanente arbeid toegedeel	48	22	24	28	251	249	244	124
Reparasies toegedeel	39	23	40	29	88	72	79	53
<b>TOEGEDEELDE UITGAWES</b>	<b>264</b>	<b>218</b>	<b>293</b>	<b>338</b>	<b>1115</b>	<b>761</b>	<b>962</b>	<b>565</b>
<b>TOTALE UITGAWES</b>	<b>2863</b>	<b>2971</b>	<b>3163</b>	<b>4348</b>	<b>4047</b>	<b>4776</b>	<b>4038</b>	<b>3744</b>
<b>VERTAKKINGSMARGE</b>	<b>2014</b>	<b>1354</b>	<b>1532</b>	<b>2408</b>	<b>1994</b>	<b>1642</b>	<b>1458</b>	<b>1772</b>

Bron: Computus Bestuursburo, BK

**TABEL 2: GEMIDDELDE KAPITALE BELEGGING VAN MELKBOERE IN DIE OOS-VRYSTAAT**

	1998	1999	2000	2001	2002	2003	2004	Gemiddeld
Belegging in masjinerie	837012	688555	918508	1182788	1087102	1493442	1396912	1241202
Belegging in vee	432740	366872	403335	586839	720145	806880	822070	690135
<b>Totale belegging</b>	<b>1269753</b>	<b>1055427</b>	<b>1321843</b>	<b>1769627</b>	<b>1807247</b>	<b>2300322</b>	<b>2218982</b>	<b>1931337</b>

Bron: Computus Bestuursburo, BK

